**Mededelings aan die Konvokasie van die Universiteit Stellenbosch**
**deur prof Russel Botman, rektor en visekanselier,**
**te HB Thom-teater, Stellenbosch, 11 November 2010**

Dankie, voorsitter. Goeienaand, dames en here.

Geagte lede van die US Raad, lede die US Bestuur, prof Pieter Kapp, President van die Konvokasie, en ander lede van die Uitvoerende Komitee, kollegas, dames en here, ek is, soos gebruiklik, hier om met u te gesels oor gebeure die afgelope jaar en oor ons planne vir die toekoms. Maar wat ek te sê het, is alles behalwe roetine, want 2010 was ŉ besondere jaar vir Maties, en daar lê nog opwindende tye voor.

Die hoogtepunt van die jaar was ongetwyfeld die openbare bekendstelling van die US se HOOP Projek op 21 Julie hier in Stellenbosch (Botman, 2010). Amptelike bekendstellingsgeleenthede het daarná gevolg in Johannesburg, Port Elizabeth, Windhoek, Berlyn, Londen en Amsterdam, en oral het alumni in groot getalle opgedaag en hul steun aan die Universiteit se planne toegesê (US, 2010a).

Die belangstelling wat die HOOP Projek gaande gemaak het, het tot ŉ vloedgolf positiewe beriggewing oor die Universiteit gelei, waarvan baie mense in Suid-Afrika en die buiteland kennis geneem het.

Een van ons inisiatiewe wat die verbeelding aangegryp het, is die Universiteit Stellenbosch Waterinstituut se "teesakkie"-waterfiltertjie (Duvenage, 2010). Met dié innoverende produk word die vuilste water in ŉ japtrap – en teen ŉ lae koste – in veilige drinkwater omskep. Dít vertel die verhaal van hoe ons die wetenskap aanwend om menslike ontwikkeling in die hand te werk.

Die HOOP Projek is die kulminasie van drie jaar se toewyding deur die hele universiteitsgemeenskap, in al ons fakulteite, steundienste en ander omgewings. Maar hef aan lê nog voor, want die momentum moet nog ŉ hele paar jaar lank volgehou word (US, 2010b).

Net om vinnig saam te vat, die HOOP Projek is ons nuwe ontwikkelingsveldtog, of soos dit in Engels genoem word, ons *advancement campaign*. Soos mens uit die naam kan aflei gaan dit oor hoe jy vooruit kan gaan as instelling, en nie gestuit word deur die goed waarmee jy normaalweg besig is nie. Die beste universiteite wêreldwyd – Cambridge, Harvard, Yale, MIT – het almal ŉ goed-uitgewerkte strategie om hul posisionering reg te kry en hul langtermyn-volhoubaarheid te verseker. Die HOOP Projek óns strategiese plan, en dis nogal uniek.

Dit verpak die Universiteit se sterkpunte op ŉ manier wat enersyds sin maak in die lig van ons konteks in ons omgewing en tydvak; en wat andersyds van ons ŉ aantreklike proposisie maak vir mense en instellings wat deel wil wees van ŉ wenspan met impak in die 21ste eeu.

Hoekom sê ek die HOOP Projek maak sin?

Die amptelike "bestaansdoel" van die Universiteit is mos – en ek haal aan uit ons *Strategiese raamwerk vir die eeuwisseling en daarná* wat in 1999 geformuleer en die daaropvolgende jaar

deur die Raad aanvaar is – "om in verbondenheid aan die universitêre ideaal van uitmuntende wetenskapsbeoefening 'n omgewing te skep en vol te hou waarbinne kennis ontdek kan word, gedeel kan word, en tot voordeel van die gemeenskap aangewend kan word" (US, 2000).

Alle universiteite word gedefinieer deur hierdie drie dinge – kennis ontdek, kennis deel en kennis toepas. Maar nie alle universiteite verbind hulle om kennis aan te wind "tot voordeel van die gemeenskap" nie. Dis nou juis wat die HOOP Projek doen – dit sit die ondernemings van die Strategiese Raamwerk in 'n verstaanbare, betekenisvolle aksieprogram om, 'n proses waartoe ek my in 2007 verbind het toe ek as rektor aangestel is (Botman, 2007).

Die HOOP Projek stel Maties in staat om tot diens van die gemeenskap te wees deur ernstige probleme rondom ons met behulp van ons kundigheid te takel; en om die beste universiteit moontlik vir 'n nuwe geslag studente, dosente en navorsers te wees.

En deur dít te doen, raak ons 'n aantreklike proposisie vir die magdom mense daar buite wat graag in hierdie era 'n beter plek van die wêreld wil help maak; vir mense wat soek na 'n veranderingmakende instelling om mee geassosieer te wees.

Met die HOOP Projek kan die Universiteit Stellenbosch met trots sê, "Kyk, hier is ons, kom toets ons en kyk of ons besig is om 'n verskil te maak". En ons doen dit nié deur 'n vreemde koers in te slaan nie. Dis nie asof ons skielik 'n welsynsorganisasie of 'n *NGO* geword nie. Ons fokus juis op dít waarvoor Stellenbosch nog altyd bekend was – sy akademiese uitnemendheid en sy toonaangewende navorsing – met die klem op relevansie.

Kom ek gee u 'n idee van hoe oortuigend dié wenresep is. Die afgelope drie jaar – in die stille fase van die HOOP Projek, wat in Julie vanjaar openbaar bekendgestel is – het digby 5 000 individue, maatskappye, filantropiese instellings en ander organisasies in Suid-Afrika en die buiteland reeds meer as R500 miljoen aan die US geskenk sodat ons hierdie belangrike taak waarmee ons besig is, kan volvoer.

Toegee, dis baie geld. Maar dis minder as een derde van wat Stellenbosch nodig het om sy posisie te handhaaf as een van die beste universiteite op ons vasteland. As deel van die HOOP Projek het ons die grootse fondswerwingsveldtog nóg deur 'n Afrika-universiteit van stapel gestuur.

Ons doelwit is om die volgende vyf jaar R1,75 miljard in te samel, en om te bestee daarop om ons akademiese krag sowel as ons veranderingmakende ingesteldheid uit te bou. Dit klink, weereens, na 'n groot bedrag, maar dis wêreldwyd 'n tendens dat universiteite se staatsubsidie krimp, en wat die tweede inkomstestoom betref – studentegelde – het ons ook al 'n plafon bereik. Daarom moet ons op ons alumni terugval, soos die top Amerikaanse universiteite lankal doen. Die sterkste universiteite van die 21ste eeu sal dié wees wat sterk verhoudings met hul alumni gebou het, en daarom deur hulle gedra word.

Nou, Stellenbosch is in die bevoorregte posisie dat hy 'n sterk korps alumni het. "Eenmaal 'n Matie, altyd 'n Matie", of hoe sê ek? Maar die hoeveelheid alumni wat geldelik terugploeg in hul alma mater is net 2%. Deel van die HOOP Projek is om dié syfer op te stoot na 10%.

Deel van die posisionering van die Universiteit waarmee ons nou al ’n ruk besig is, is om te verseker ons word ’n multikulturele, nierassige, diverse instelling van uitnemendheid – een wat ook sy billike verantwoordelikheid teenoor Afrikaans nakom. Stellenbosch is verbind tot die gebruik en volgehoue ontwikkeling van Afrikaans as akademiese taal in ’n meertalige konteks. Al ons landstale is bates wat menslike potensiaal kan help ontsluit – en dit geld Afrikaans ook, veral in ons konteks.

Soos ek al vantevore gesê het, dit gaan soseer oor verknogtheid aan die taal nie. Dit gaan daaroor dat Afrikaanssprekendes deur hul moedertaal toegang tot hoër onderwys kry. Hoër onderwys werk vooruitgang in die hand, so daar waar die behoefte aan ontwikkeling die grootste is, is hoër onderwys die nodigste.

Kwessies soos toeganklikheid, onderrigtaal en relevansie kan herlei word na ’n enkele fundamentele vraag: Wat is die rol van ’n universiteit in die samelewing? Daar is verskillende sienings hieroor in die literatuur. In wat prof Hennie Rossouw (1993), ’n voormalige hoogleraar in Filosofie en Viserektor (Akademies) aan die US, die pedagogiese paradigma noem, word die universiteit gesien as ’n sentrum van algemene vorming deur hoër onderwys in die tradisie van die wetenskaplike denke.

Dan is daar die kognitivistiese paradigma, waarvolgens die universiteit hom besig hou met die uitbreiding van kennis besig – spesifiek nuwe kennis wat deur navorsing volgens die streng eise van die wetenskaplike metode verwerf word.

En laastens is daar die pragmatistiese paradigma, wat bepaal die universiteit moet prakties nuttig te wees en benutbare produkte oplewer. Dié siening is ’n reaksie op die ivoortoringbeeld van die universiteit, waarteenoor die eis van relevansie gestel word.

Dis opvallend dat die US ’n plek waar dié drie paradigmatiese sienings vermeng word. Hier word kennis nagestreef én oorgedra én toegepas – alles met die oog daarop om sowel ons eie behoeftes as dié van die gemeenskap aan te spreek.

En dít, dames en here, is hoekom die HOOP Projek goed werk vir ons universiteit. Ek het begin deur te sê dis ’n *advancement campaign* soortgelyk aan dié van Cambridge, Harvard, Yale en MIT. Maar ek het ook gesê ons ontwikkelingsveldtog is uniek. En wat hom uniek maak is dat hy nie net tot ons voordeel strek nie – asof ons in ’n ivoortoring is nie – maar ook tot die algemene voordeel van die gemeenskap.

En dis reg so, want ons is in Afrika, en hier is ’n groot behoefte vir dít wat ons na die tafel bring – goeie navorsing, betroubare kennis, relevante wetenskap.

My uitdaging aan u is om ons te help om ons vinger op die polsslag van die land te hou. Dis nou u kans om te belê in ’n veldtog wat saak maak vir u alma mater en vir u land. Wanneer ons aanstons die lys van weldoeners van hoop bekend maak, wil ek hê al ons alumni moet voel hulle is ’n billike geleentheid gebied om deel te wees van iets groots.

Sterkte met die res van die vergadering, en baie dankie vir u aandag.

## BRONNELYS EN VERWYSINGS


TOESPRAKE

**Botman, Russel**. 2007. *ʼn Multikulturele Universiteit met ʼn Pedagogie van Hoop uit Afrika*. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch. URL: http://www.sun.ac.za/university/Management/rektor/docs/russeltoespraakfinaal_old.pdf

**Botman, Russel**. 2010. *Openbare bekendstelling van die Universiteit Stellenbosch se HOOP Projek.* Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch. URL: http://www.sun.ac.za/university/Management/rektor/docs/HOOP_Projek.pdf

BOEKE

**Rossouw, H.W**. 1993. *Universiteit, Wetenskap en Kultuur: Opstelle oor die Krisis, Uitdagings en Geleenthede van die Moderne Universiteit; Saamgestel en Ingelei deur Anton van Niekerk*. Kaapstad: Tafelberg.

BELEIDSDOKUMENTE

**Universiteit Stellenbosch (US)**. 2000. *Strategiese Raamwerk vir die Eeuwisseling en Daarná*. URL: *www.sun.ac.za/university/stratplan/strat_afr.htm*

NUUSBERIGTE

**Duvenage, Engela**. 2010. *Suiwer water in ʼn japtrap*. “HOOP NUUS”. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch. URL: http://www.myvirtualpaper.com/doc/stellenbosch-University/hoop-nuus-afrikaans/2010072001

**US**. 2010a. Verskeie berigte te vinde op die Universiteit se internetnuusblad. URL: http://blogs.sun.ac.za/nuus/category/hoop-projek/

**US**. 2010b. *Die HOOP Projek*. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch. URL: www.diehoopprojek.co.za